

KAREL SCHOEMAN

1939 – 2017

'N HULDEBLYK A TRIBUTE

DATUM/DATE:

11 Mei/May 2017

TYD/TIME:

10:00


PLEK/VENUE:


**Ou Merenskybiblioteek/
Old Merensky Library**

Edoardo Villa Museum

RSVP:

Tercia.Klopper@up.ac.za





'n Ander land

Eens toe hy pas hier gekom het, eens in 'n ander tyd toe hy nog hier vreemd was, afsydig van die land waar sy oponthoud, soos hy gemeen het, slegs tydelik sou wees – eens het sy wandeling hom saans na die rand van die dorp geneem, en dan het hy daar geaarsel, huiwerig teenoor die landskap wat voor hom oopgevou lê, onbekend en onverkenbaar, en onverklaarbare angste het hom by die aanskoue van daardie leegheid gevul. Maar daar is geen rede vir angste nie, dink hy terwyl hy stadig en ongejaagd begin terugstap na die landouer, steunend op sy stok: daar is niks om te vrees nie. Die leegheid neem jou op en die stilte omsluit jou, nie meer vreemde groothede om van oor 'n afstand onbegrypend betrag te word nie; die onbekende land word vertrou en die deurganger onthou nie meer dat dit eens nog sy bedoeling was om verder te reis nie. Halwerweë op die pad ontdek jy effens verras dat die reis voltooi is, en die bestemming reeds bereik. (*'n Ander land*)

Another Country

Once, when he had just arrived here; once, in another time when he had still been strange here, alienated from the country in which his stay, as he had thought, was to have been merely temporary – once, his walks in the evenings had taken him to the edge of the town and he had hesitated there, wavering before the landscape that had lain open before him, unknown and unknowable, and an inexplicable fear had filled him at the sight of that emptiness. But there was no cause for fear, he thought as he began to walk slowly and without hurrying back towards the landau, leaning on his cane. The emptiness absorbed you and silence embraced you, no longer as alien wastes to be regarded incomprehendingly from a distance; the unknown land grew familiar and the person passing through could no longer even remember that he had once intended to travel further. Half-way along the route you discovered with some surprise that the journey had been completed, the destination already reached. (*Another Country*)



Program / Programme

Prof Willie Burger

(VERWELKOMING/WELCOME)

Prof Vasu Reddy

(DEKAAN: GEESTESWETENSKAPPE/DEAN HUMANITIES)

Prof Fransjohan Pretorius

(SCHOEMAN SE HISTORIESE WERKE/HISTORICAL WORK)

Renée Marais

(VERTAALKUNDE/TRANSLATION STUDIES)

Prof Cas Wepener

(TEOLOGIE/THEOLOGY)

Prof Andries Bezuidenhout

(SOSIOLOGIE/ SOCIOLOGY)

Yolanda Botha

(STUDENT)


Dr Nicol Stassen

(UITGEWER/PUBLISHER)

Prof Hein Willemse


(AFRIKAANS)

Hierdie lewe



Dis wat ek oorgehou het, en al wat vir my oorgebly het waar ek hier wakker lê in die donker, is om dit uit te soek, alleen, met geen hand om my te lei nie, geen fluisterstem in my oor. (...) Om die brokkies en klippies en skyfies, die lappies en draadjies en lintjies en briefies uit te soek en te rangskik, en uiteindelik daaruit die verhaal te kan lees waarvan ek al die jare deel uitgemaak het, swygend en waaksaam in die hoek of aan die rand van die geselskap, en om miskien ook te verstaan, en selfs te vergewe, al die onuitgesproke kwelling, verwyte en leed uitgewis, die laaste skuld gedelg. Om te onthou.

Verliesfontein




Die verlede glip weg en raak verlore, vloei weg soos water, stroom weg soos sand, en ons hoor die lae geruis en merk hoe dit verlore gaan. Ek is al wat dit sien, die enigste waarnemer, die enigste getuie: die stof op die blink swart stewels, die spore van die perde in die pad, die wiegende gordyn voor die venster of die lintjie op die drumpel; ek is al wat daarvan weet, en as ek dit nie opteken nie, sal dit verlore gaan asof dit nooit bestaan het nie. Ek is al wat hoor, en as daar stemme uit hierdie duister sou opklink, sal die woorde verlore gaan as ek nie luister en dit opteken nie.

Die uur van die engel




Hy lewe in 'n land waar 'n vreemde taal gepraat word, die ou spraak vergete: uit die skagte van vergetelheid moet dit opgebring word na die lig. Die stemme wat hom daagliks omring, ruis voort en raak vervleg, die woorde onhoorbaar, die taal wat gepraat word 'n stelsel van gelykwaardige en uitruilbare tekens, en die waarde wat die woord eens besit het, is na ander sisteme oorgedra. Geen enkele woord staan in die mengeling uit nie, want geeneen bevat meer duursaamheid nie, en daar is nog geen onderbreking in die gedruis waar stilte sou kan inskuif om sy eie perspektief by te dra tot wat daar gesê word en waarde daaraan te help verleen nie; spraak dien nie meer om kennis oor te dra of te deel nie, maar om die stilte af te weer, en die onderskeie woorde waaruit dit byna toevallig saamgestel is, is vlak, blink speelmunte wat die lig vang waar hulle in handevol opgegooi word.

Na die geliefde land



“Wanneer iets onherroeplik geword het, moet jy die feit erken en dit aanvaar,” sê sy. “Dit help nie om te skop en te spartel nie, al jou tranes en jou gebede sal jou nie help nie, jy moet verder lewe, so goed of so sleg soos jy kan. Dis die lewe wat onverbiddelik is, nie ék nie. Daardie ou wêreld het verdwyn en dit sal nooit weer in die ewigheid terugkom nie, selfs al gee ons ons lewens om dit te probeer herwin. Ons moet leer om in hierdie nuwe wêreld te lewe.”

Die laaste Afrikaanse boek



Ek was met ander woorde 'n vroegryp en vroegwys kind, en hierdie gang van sake is bevorder deur bioskoopbesoek en die feit dat ek taamlik vroeg reeds begin het om meer gevorderde boeke te lees, wat my saam met my persoonlike aanpassingsprobleme nie gehelp het om maklik by kinders van my leeftyd aansluiting te kry nie en my besonder irriterend moet gemaak het vir volwassenes.

Uit opvoedkundige oogpunt was dit alles natuurlik heeltemal onwenslik; dog ek is nie besig om 'n opvoedkundige handleiding te skryf of pedagogiese oordele te vel nie, maar om te vertel wat in my eie lewe gebeur het. Miskien het hierdie versnelde gang van sake my van die wondere van 'n 'normale' kindheid en ontwikkelingsproses beroof, wat dié ook al mag wees, maar in my lewe was daar genoeg wondere soos dit was; en as dit tot my eensaamheid, isolasie en onaanpasbaarheid bygedra het, kan ek slegs opmerk dat ek hierdie belemmering darem oorleef en my eie voordeel daaruit getrek het.